Hello! Welkom by ons "TUIS LOPIE!!" ……

Week 6: IERSE HEKEL MOTIEWE – Deel 2

Kom ons begin sommer dadelik!

Volgende gaan ons met so 'n stukkie Ierse Hekel "talent" en tegnieke gebruik maak om van die groter motiewe aan te werk deur te gebruik wat ons sover gemaak het. Ek het aan gegaan met die kleurskakering wat ek gebruik het om die blomme mee te maak.

Maak jou SES blomme, 18 blare en garing bymekaar.

Moet nog nie die wol endte wegwerk nie, hulle gaan strategies gebruik word om die motiewe verder op die Hoof deel van die Shawl vas te werk.

Vir elke deel gaan jy benodig: (3) van die blare en (1) van die blomme.

Begin begin met jou garing bal, maak 'n "magic" sirkel:

Rdte 1: 1 ks, 8 kb in die sirkel, gls in die 1ste kb, trek liggies aan die wol ent om die sirkel toe te maak. (8)

Rdte 2: Afgebreek in stappe sodat dit makliker is om te volg:

Maak 1 ks, haal van hekelpen af, steek hekelpen van voor na agter tussen onderste (2) kortbene van een van die blare in (in die spasie tussen hulle), steek weer die hekelpen in lus en trek deur die spasie in die blaar, 1 ks, kb in dieselfde st van rondte een van die sirkel, kb in vlg st van die sirkel

Die foto onder wys hoe om die hekelpen in die blaar te druk en dan agter in die sirkel in:

NOU: *kb in vlg st, 1 ks, laat val lus van hekelpen, steek van voor na agter tussen die onderste 2 kb van die 2de blaar, tel die lus op en trek deur, 1 ks, kb in dieselfde kb van die sirkel, kb in vlg kb

Die foto onder wys net na die die laat valde lus deur die 2de blaar:

Herhaal van * bo, nog een keer om die 3de blaar te heg, kb in vlg st op die sirkel, 1 ks, laat val lus, druk hekelpen in die 6de st van enige buitsenste blomblaar van die blom (dit is die AHlb), Steek weerdir hekelpen in die lus en trek deur, 1 ks, kb in dieselfde st by die basis en volgende st op sirkel, gls in 1ste kb gemaak, heg af.

Herhaal vir die oorblywende blare en blomme tot jy ses groepe (6) in totaal het.

Hierdie foto wys een voltooide groep. Weereens, moenie die wol endte nou al weg werk nie.

Die res van die week se taak gaan ‘n naald insluit, so bêre daardie hekelpen veilig weg in ‘n veilige plek! (net nie tussen die bank se kussings of agter die mikrogolfoond of selfs in jou handsak, soos ek gewoonlik maak nie!)

Begin deur jou (6) blom/blaar groepe en jou hoof shawl deel bymekaar te maak.

Ons moet die wol endte wegwerk ten alle koste, so **HOEKOM dit nie tot ons voordeel gebruik nie!** Ons sal die wol endte strategies gebruik soos ons hulle wegweef deur die ses groepe motiewe in plek vas te werk.

Verwysing na die foto onder, Gebruik die naaste wol end aan die punt waar jy die die steke moet vaswerk. Jy gaan eers die wol ent deur die werk moet weef om die wol ent by die regte posisie te kry, dan wanneer jy die paar steke werk, steek jou naald ONDER die HEKKIES van die steek naaste aan die voorkant van die werk soos jy weef van kant tot kant om dit vas te werk.

Hier is die posisies en steek nommers op te werk en om elke motief vas te werk. Onder dit, die foto wys hoe om in die hekkies net aan die voorkant van die werk te werk.

Daar is 6 in totaal. Jy gaan hulle eweredig regoor die onderkant van die shawl spasieer (sien foto verder ondertoe), sprei die shawl hoofdeel uit en steek die blomme in plek, werk dan elkeen op hul plekke vas.

1. Steek die blom op die hoofdeel vas deur die lang wol ent van die blom te gebruik soos aangedui deur die PERS pyltjie.

2. Steek die 6hlb van die blaar vas op die rand van die shawl soos aangetoon deur die GROEN pyltjies.

3. Steek die 6 hlb van die blaar aan die 6hlb van die ander blaar, gebruik weer die wol ente, soos aangetoon deur die BLOU pyltjies.



***WENKE:**

1. Wees versigtig om NIE jou werk te kreukel soos jy weef nie. Soos jy die wol ent reg oor die werk weef om dit in die regte posisie te kry om die motief groepe in plek vas te werk, maak die stuk werk plat om seker te maak jy werk nie die stuk aanmekaar vas soos jy werk nie.

2. Weef die wol ente IN die steke, skei die dele van die steek, werk op en af, agtertoe en vorentoe, en kant tot kant om die beurt. Dit sal help dat die wol ente in plek bly op die beste manier moontlik.

3. Reg voor jy die finale weg werk van die wol ent maak, trek dit liggies om dit doelgerig om dit net bietjie te plooi. Dan terwyl jy dit vashou effens geplooi, sny die wol ent. Laat gaan die werk en maak dit weer plat. Jy sal sien dat die wol ent “ingesluk word” in die steek en baie mooi weg gesteek word!

Herhaal vaswerk metode van elke groep motiewe op die shawl hoof deel soos hierbo beskryf en aangetoon deur foto's hierbo in die aangeduide posisie regoor die onderste rand van die hoof shawl deel.

4. Soos jy werk, kyk na jou werk van VOOR na AGTER, jou agterkant moet net so netjies soos jou voorkant wees. Versigtige afwerking is wat'n projek van goed na FANTASTIES verander. So neem jou tyd hier, jy het dit!

5. Wees versigtig om nie jou blare te draai wanneer jy werk nie. Maak seker almal wys na die voorkant.



Dit is net so pragtig! Die toppunt van vroulikheid!

Dis rond die week af! Ons is nou so naby aan klaar, nog net 'n paar goedjies en dank an ons dit 'n "WRAP" noem …. LETTERLIK! (slegte woordspeling ten volle bedoel!)

Sluit weer volgende week by my aan vir ons FINALE week! **Week 7: Eksta keuses, Afsuiting, & Blok**

Tot volgende keer……

Baie Liefde & Garing,

Stephanie

Follow on Facebook Here!

Follow on Instagram Here!

Follow on Ravelry Here!

Follow on Pinterest Here!

Follow on YouTube Here!

Follow on Twitter Here!

Follow on Etsy Here!

Die inligting en fotos in hierdie publikasie is die uitsluitlike kopiereg eiendom van Crochetverse©2016. Moet asseblief nie enige inligting hierin kopieër en versprei op enige manier elektronies, verbaal, of geskrewe in dele of in in geheel nie. Deel eerder slegs die DIREKTE SKAKEL na hierdie publikasie, en as jy dit deel, sê ek dankie dat jy dit deel. Jy mag natuurlik enige iets wat jy van die patroon af met jou eie twee hande gemaak het verkoop, geen kontrak arbeid of massa produksie word toegelaat nie. As jy erkening gee aan Crochetverse as die ontwerper word dit hoog op prys gestel!